

13 April

Skrifgedeelte: Lukas 24:13-35
Fokusgedeelte: Lukas 24:16,27

Om die Here te sien en te herken

“...maar hulle oë is verhinder om Hom te herken” (vers 16). Hulle het Hom tog al dikwels gesien en gehoor, tog herken hulle Hom nou nie. Hoekom is hulle verhinder? Lukas brei nie daaroor uit nie.

Miskien gaan dit nou in jou lewe ook so dat jy ons Here Jesus nie kan sien nie. Jy is wel besig met die Woord, want ons leer Hom tog nie anders ken nie, maar wil graag die Here Jesus “sien” in jou geloof.

Miskien is die probleem ongeloof. Dit was waarskynlik die probleem by die Emmausgangers. Hulle was terneergedruk en het nie verwag om die Here te sien nie, daarom herken hulle Hom nie. Ons ontvang die Here in die geloof in so verre as wat ons Hom in die geloof verwág. Daarom moet ons ook bid dat ons geloofsoë wyd oopgaan. Die apostel Paulus bid so vir die Efesiërs: *“Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo”* (Efesiërs1:18,19a).

Kyk ook hoe bring die Here die manne tot herkenning: Nie deur redenasies nie, nie deur emosionele manipulering nie, maar deur onderrig uit die Skrif. En waar kan jy ‘n beter leermeester kry as Hy wat die Skrif sy volste betekenis laat kry het?

Sing: Psalm 2:6

Ds PA Odendaal (Evander)